

Trek jy soos 'n koning aan?



By ons Bybelskool, *Hayahad*, het ons die volgende leuse: **“Verhoog die standaard”**.

As jy daaraan dink dat ons as eerste vrugte vir Yahweh en 'n kind in Sy familie ons miskien 1 uit 100 miljoen mense op die aarde is, dink jy nie dan dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor die wêreld om ons het om 'n voorbeeld vir hulle daar te stel nie?

Selfs meer as dit, as eerste vrug vir Yahweh en 'n kind in Sy familie dink jy nie ons het volgens die skrif 'n verantwoordelikheid om van die wee van die wêreld geskei te bly nie?

Die antwoord op beide vrae is 'n verstommende , JA!

Ons lewe in die tyd wat die Bybel na verwys as die laaste dae.

Die Skrif vertel vir ons dat hierdie dae die mees immorele en geestelike afvalligste dae is van enige ander tyd in die geskiedenis van die mensdom. Dit vergelyk die dae met beide die dae van Noag, toe Yahweh die hele bewoonde wêreld vernietig het, en die dae van Lot, toe die afvalligheid so ongeoorloof was dat homoseksualiteit wydverspreid voorgekom het en seksuele perversie die norm eerder as die uitsondering was.

Die afvalligheid het nie oornag ontstaan nie, maar is oor generasies heen tot nou toe in ons senuweestelsels ingegra-veer. Dit word letterlik deel van die ingesteldheid van die samelewing.

Minder as 1% van mense is waarskynlik nog maagde wan-neer hulle trou en amper 60% van huwelike eindig in egskeidings as gevolg van hierdie bese indoktrinasie deur Satan van 'n immorele en ongeoorloofde samelewing.

So wanneer ons die behoorlike kleredrag vir diegene wat uit die wêreld geroep is om konings en priesters in Yahweh se gou komende Koninkryk te wees bespreek, gaan dit oor baie meer as net kultuur, aangesien dit waarlik daarop neerkom of geregtigheid of wêreldsheid deur jou kleredrag weerspieël word?

1 Joh 2:15-17 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van Elohiem doen, bly vir ewig.

Ons moet die lig vir 'n donker sterwende wêreld wees. Ons moet nie, as leiers vir die Koninkryk van Yahweh, elke nuwe en perverse mode tendens navolg nie, maar moet die standdaard vir beskeidenheid en heiligheid, wat ons Verlosser vir ons gegee het, daar stel. Toe Yahshua vir 33 jaar op die aarde geloop het, het Hy in elke deel van Sy lewe verge-stalt wat 'n ware koning en ambassadeur moet wees.

Die apostel Paulus herhaal die voorbeeld wat Yahshua in die Nuwe Testament gestel het wanneer hy vir Timotheus oor die riglyne van kleredrag en gedrag in die Gemeente van Yahweh vertel.

1 Tim 3:15 Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe ie-mand hom moet gedra in die huis van Elohiem, wat die gemeente is van die lewende Elohiem, 'n pilaar en grondslag van die waarheid.

1 Tim 2:9-10 So ook moet die vrou hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kos-bare klere nie, maar, soos dit vroue betaam wat die toe-wyding bely, met goeie werke.

Die apostel Simeon Petrus lê ook dieselfde riglyne neer.

1 Pe 4:17 Want die tyd is daar dat die oordeel moet be-gin by die huis van Elohiem. En as dit eers by ons be-gin, wat sal die einde wees van die wat aan die goeie nuus van Elohiem ongehoorsaam is?

1 Pe 3:3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onver-ganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor Elohiem.

Dit is in die gees van die bostaande skrifgedeeltes dat ons 'n gepaste standaard van kleredrag en protokol in die Ge-meente van Yahweh Jerusalem probeer in stel het. Mans moet skoon beskeie kleredrag dra en geen kort broeke nie sodat hulle skaamte nie ontbloot word nie, soos wat aan die seuns van Levi in hulle priesterskap gesê is. (Eks 20:26).

Eks 20: 26 Jy mag ook nie met trappe na my altaar op-klim nie, dat jou skaamte nie daarop ontbloot word nie.

Yahweh het dat hulle 'n helling opbou, omdat volgens Hom hulle enkel dalk mag wys as hulle met trappe opklim en daardeur hulle naaktheid voor YHWH ontbloot. Kyk na die voorbeeld van kleredrag van ons Verlosser Yahshua wan-neer hy terugkom:

Rev 1: 13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voe-te hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

Op 'n soortgelyke wyse vra ons dat dames beskeie rokke of rompe dra wat onder die knieë sit, en dat hulle klere nie te styf moet wees nie, wat moontlik wellus by die mans in die gemeente kan veroorsaak. Die totale fokus sal op Yahweh wees en nie op die vrouens wat probeer om aandag op hulself te plaas nie.

As 'n hoër meer spirituele priesterskap van die orde van Melgisedek, moet ons daarna strew om in alle dinge mees heilig en gepas aangetrek te wees wanneer ons voor ons Hemelse Vader verskyn.

Daar is 'n paar mense wat nog nie heeltemal uit die wêreld uit gekom het nie, wat nie enige tipe kleredrag kode in die gemeente wil hê nie en vra waar dit in die Torah sê dat 'n vrou nie broeke moet dra nie? Maar ek sou ook vrae waar sê dit in die Torah dat 'n gelowige nie sigarette mag rook

nie, dwelm middels gebruik nie, of bouse Hollywood films kyk nie?

Die punt is dat die Torah 'n lamp vir ons voete is (Ps 119:105) en dit is 'n gids wat ons nodig het om vir elke aspek van ons lewe te gebruik. Ons moet na die Torah kyk en sien wat die gees van die Torah sê.

Deu 22: 5 'n Vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie; want almal wat dit doen, is vir Yahweh jou Elohiem 'n gruwel.

Nou, ek glo dat mens met sekerheid uit die skrifgedeelte kan aflei dat vrouens nie broeke moet dra nie. Party mag onwetend sê dat mans, in Yahshua se dag, self rokke gedra het. Dit is nie 'n akkurate stelling nie aangesien 'n man se klere in Yahshua se dag ver van 'n rok af was en baie manlike gelyk het. Ek het self die oorblyfsels van kleredrag in argeologiese navorsing bestudeer wat duidelik wys dat mans en damesklere baie verskillend was.

Ek het 'n ruk terug met 'n ouer man gesels en hy vertel my dat toe hy jonger was, in die Baptiste kerk, het elke vrou sonder uitsondering 'n rok gedra maar jy sien dit nie vandag nie. Duidelik, van vroegs af, soos wat broeke kledingstukke vir mans geword het, is dit slegs **DEUR MANS ALLEENLIK EN NIE VROUENS NIE** gedra. Wanneer het vrouens dan begin om die broek in die huis te dra? Dit het in die 1960s begin toe die hele vroue bevrydingsbeweging aan die gang gekom het en ons gemeenskappe en arme dierbare susters totaal verdraai het.

Dit is 'n feit en is ook waar die uitdrukking "Sy dra die broek in die huis" vandaan kom. Om die broek te dra was 'n teken van manlike outoriteit. (1Tim 2: 12) Vrouens moet nie die outoriteit van die man ondermyn nie. Weet jy dat in meeste derde wêreldse lande soos Afrika, waar die vroue bevrydingsbeweging nie die gemeenskap wegveet het nie, dat al die vrouens nog rokke dra? Om die waarheid te sê, daar is vir my in Kenia vertel dat as my vrou 'n broek gedra het toe ons na Kenia gegaan het, sou die broers daar nie eers na my geluister het nie.

Meeste vroue broeke is onbeskeie omdat mense die vroulike vorm van hul liggaam daarin kan sien. Om broeke te dra is 'n produk van die westerse Babiloniese samelewing

waarin die selfsugtige, totale ydele, selfgesentreerde vrouens van die westerse wêreld in lewe. Dit is regtig 'n kulturele kwessie; wil vrouens die kultuur van Babilon of Eden uitbeeld? Dit is elke suster se keuse om te maak.

Ons, as gelowiges, werk tot die herstel van alle waarheid terug op die aarde in voorbereiding vir Yahshua se gou komende terugkoms. Wil ons maar net oor die weg kom of wil ons die standaard verhoog? Wil ons ons kinders oor Eden leer of wil ons hulle die ou gewoontes van Babilon leer?

Yahweh het die natuurlike vroulikheid van 'n vrou een van haar grootste geskenke aan die mensdom gemaak. Yahweh het 'n natuurlike skoonheid vir 'n vrou, in die vroulike styl waarin sy haarself dra, gegee en Satan probeer om dit te vernietig deur die ydelheid in die vroue bevrydingsbeweging.

Jer 6:16 So sê Yahweh: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.

Ons moet nie volgens voorkoms oordeel nie, maar as ons eerlik met onself is weet ons dat eerste indrukke baie beteken en ons wil 'n goeie getuie wees deur beskeie te wees en te probeer om die beste voorbeeld van ons geliefde Verlosser Yahshua te wees.

1 Kor 6:19-20 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Aftgesonderde Gees wat in julle is, wat julle van Elohiem het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Vereer Elohiem dan in julle liggaam.

Die Skrif se duidelik dat ons die Skepper moet verheerlik in ons liggame asook in hoe ons aantrek. As ons soos die wêreld onbeskeie aantrek, verheerlik ons ons Hemelse Vader en is ons 'n voorbeeld van hoe Yahshua was toe Hy op die aarde was? Die antwoord is duidelik NEE!

Behalwe hiervoor, hoe trek ons op die Sabbat aan wanneer ons voor Yahweh en Sy byeenkoms verskyn? Is ons goed versorg met netjiese skoon klere? Dra ons die beste wat ons het, of daag ons eenvoudig voor die Skepper van die heelal op in geskeurde denims en plakkies? Sommiges sal sê dis al wat hulle kan bekostig, maar dit kos nie meer om op 'n skoon en goed versorgde wyse voor te kom, as wat

dit kos om in 'n onversorgde vuil toestand voor te kom nie. Dit is regtig net 'n eenvoudige kwessie van keuse. Selfs in Afrika waar mense baie arm is, het elke man 'n pak wat hy elke Sabbat sal dra om so waardig as moontlik voor Sy Skepper te verskyn. Mens kan goeie handelsnaam klere by welwillendheidswinkels of tweedehandse winkels vir baie goedkoop koop. Party van my pakke is oor die 20 jaar oud en is steeds in 'n baie goeie kondisie, so ons staan nie vir 'n klas sisteem, wat teen die Skrif sal wees nie, maar moedig elkeen aan om die beste te wees wat ons kan wees met dit waarmee Yahweh ons geseën het.

As Yahshua more sou terugkeer en daar word gesê dat Hy gebel het om 'n afspraak met jou te maak, hoe sal jy voor Hom verskyn? Onthou die Sabbat is 'n repetisie en dit is 'n teken van respek om op ons beste en so beskeie as moontlik voor ons Maker te verskyn.

Mat 22:11-14 En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Want baie is geroep, maar min uitverkies.

As 'n ambassadeur vir Yahshua en Sy gou komende koninkryk, laat ons daarna strewe om die standaard in elke aspek van ons lewens te lig. Laat ons elke poging aanwend om nie net gekies te wees nie, maar ook om getrou te wees. Laat ons besef dat as 'n verteenwoordiger van Yahweh Almagtig ons altyd die hoogste vlak van eerbied, integriteit en waarheid in alles wat ons doen, insluitende hoe ons aantrek en die indruk wat ons by ander skep, moet vertoon.

Ja, om 'n koning te wees gebeur nie oornag nie, jy moet elke dag van jou lewe daaraan werk en dit moet geïllustreer word in elke aspek van ons lewens, insluitend hoe ons aantrek en lyk. Eerste indrukke tel, veral wanneer jy die kind van die Koning van die Heelal is.

As jy graag meer inligting wil hê besoek asseblief ons webtuiste by www.coyhwh.com